# NOORWEÈ

## 7 – 17 Junie 2024

## TOERPROGRAM



**Junie**

**Vr 7** **JOHANNESBURG – AMSTERDAM**

U moet op **7 Junie** om **20:15** by **KLM** se toonbank op die **O.R. Tambo-lughawe** wees vir **Vlug KL 592** wat om **23:10** na **Amsterdam** vertrek.

**Sa 8** **AMSTERDAM – OSLO**

U land om **10:15** in **Amsterdam** en vertrek om **14:20** met **Vlug KL 1203** na **Oslo**, waar u om **16:20** aankom. U word per bus van die lughawe na die hotel geneem. Aandete en oornag in Oslo

**So 9** **OSLO**

**Oslo**, die hoofstad van Noorweë, is 'n mooi stad met baie parke, mere en beboste heuwels. Ná ontbyt onderneem ons 'n besigtigingstoer van hierdie indrukwekkende stad. Indien die weer dit toelaat, besoek ons die wêreldberoemde en omstrede Vigelandpark, wat bestaan uit meer as 200 brons- en granietbeelde wat o.a. liefde en haat, jeug en ouderdom, geboorte en dood uitbeeld. Daar is 'n afdeling wat die kleintyd van die mens uitbeeld asook 'n aangrypende uitbeelding van die mens se lewensloop van babastadium tot bejaardheid. Die verskillende verhoudings waarbinne die mens funksioneer, word ook uitgebeeld. Dit laat 'n blywende indruk op besoekers. Daar is ook opsionele besoeke aan die Kon-Tiki-museum waar uitbeeldings van Thor Heyerdahl se ekspedisies te sien is en die Fram-museum, met die oorspronklike houtskip waarmee pool-ekspedisies reeds in die 19de eeu aangepak is. Albei staan op die Bygdoy-eiland waar die koning se plaas ook geleë is. Daar sal ook tyd wees om op ons eie rond te loop.

**Ma 10** **OSLO – GUDBRANDSDAL**

Ons vertrek vanoggend in 'n noordelike rigting deur die platteland van Noorweë. Op pad gaan kyk ons na die Olimpiese skisentrum wat soos 'n omgekeerde vikingboot lyk asook die indrukwekkende ruïnes van die 12de eeuse Domkerk wat deur 'n glaskoepel, 'n moderne meesterwerk uit glas en staal, beskerm word.

By **Lillehammer** sien ons die skibaan waar skispronge tydens 'n vorige Olimpiese winterspele plaasgevind het. Lillehammer is die enigste stad ter wêreld wat 'n skiër op sy stadswapen uitbeeld.

Ons reis vandag deur die indrukwekkende **Gudbrandsdal**, ook bekend as die ryk van Peer Gynt, na aanleiding van Henrik Ibsen se bekende drama.

**Di 11** **GUDBRANDSDAL – GEIRANGER**

Ons reis voort deur die Gudbrandsdal en kry vandag kans vir inkopies by winkels met tipiese produkte van Noorweë. Ons volg 'n sprokiesmooi roete deur die baie nou **Romsdal**, 'n pad oorskadu deur majestueus-getande berge en bruisende watervalle. Hier troon die bekende Romsdalhoring (1 554 m) loodreg bo ons uit.

Met 'n kronkelpad klim ons die **Trollstigveien** (Trollepas) uit terwyl 'n mens se asem byna wegslaan by aanskoue van dié ongelooflike natuurskoon. Hierdie mees beroemde pad in Noorweë klim met elf haarnaalddraaie teen die rotswande uit. Ons ry verby die onstuimige Intrav-rivier en die Stig-waterval, wat met bruisende geweld 180 m tot onder in die dal stort. By die Uitsikt Trollstigen hou die bus stil sodat ons die onbeskryflike tonele op kamera kan vaslê. Dan ry ons verder tot op die hoogste punt van die pas, waar 'n restaurant en aandenkingwinkel is.

Eensklaps sien 'n mens daar ver onder 'n ongelooflike skouspel: Die wêreldbekende Geiranger-fjord! **Geiranger** is een van Unesco se wêrelderfenisgebiede weens die uitnemende padbouvernuf.

Nadat ons 'n rukkie vertoef het om maar net nóg te kyk en te kyk, ry ons verder deur die nou Meierdal-vallei na Valldal en Lingen vir ons kort veerbootvaart na Eidsdal. Die 26 km tussen Eidsdal en Geiranger word die Orneveien (Arendsweg) genoem – 'n treffende voorbeeld van ongerepte skoonheid van die diep blougroen fjord en die Sewe Susters-watervalle wat langs die steil bergwande in die fjord neerstort.

Ons hou by die uitkykpunt Ornesvingen (Arendsdraai) stil om die sprokiesmooi wêreld te sien en verwonder ons aan God se handewerk. Daarna sak ons verder af met die Arendspas (11 draaie oor 9 km) tot by die dorpie Geiranger, waar ons oornag.

**Wo 12 GEIRANGER – LOEN**

Vanoggend ná ontbyt onderneem ons 'n bootvaart op **die Geiranger-fjord.** Volgens kenners is dit die mooiste fjordvaart, omdat die fjord as't ware ingeperk word deur hoë rotswande, berge en gletsers wat in die water weerkaats. Teen die steil berge rondom jou sien jy verskillende watervalle en net hier en daar klein boerderye soos arendsneste teen die steiltes. Dan verstaan jy as jy lees dat, wanneer iemand vroeër in die winter daar tot sterwe gekom het, die lyk onder die sneeu bewaar is tot in die lente vir die "laaste reis" na die begraafplaas.

Terug in Geiranger, durf ons die pas aan die ander kant van die fjord aan, waar ons nóg 'n keer die asemrowende uitsig op die Geiranger-fjord vanaf die Flydalsjuvet-uitkykpunt bewonder.

Indien die weer dit toelaat, ry ons voort oor die skitterende **Nibbeveien-pas** (deur geen Alpepas oortref nie!) tot op Dalsnibba. Soos die kraai vlieg, is die pas van begin tot einde 6 km lank, maar die bus ry met 11 haarnaalddraaie 17 km ver tot op 'n hoogte van 1 476 m, waar ons 'n ruk vertoef. Die uitsig op die bergwêreld van Dalsnibba en Geiranger is 'n indrukwekkendste ervaring om te beleef. Ons ry voort na Loen, waar ons oornag.

Loen is geleë aan die Loen-meer en het 'n indrukwekkende geskiedenis van oorlewing. Daar is geleentheid om met 'n kabelkar na 'n uitkykpunt oor die meer en omgewing te gaan, na die eeue oue klein kerkie of net tussen die plase deur rond te stap.

**Do 13 LOEN – FLAM – VATNAHALSEN**

Ná ontbyt ry ons die baie mooi fjorde- en gletsergebied binne. Ons het kans om 'n gletser van nader te sien. By **Fjaerland** besoek ons die interessante gletsermuseum. Ons neem die veerboot van Manheller na Fodnes en vaar hier oor die beroemde Sogne-fjord, wat die koning van die fjorde genoem word. Hierdie benaming is gepas, want dit is die langste (204 km) en diepste fjord (1 296 m) van Noorweë. Ons ry die panoramiese roete van Laerdal na Aurland tot by **Flam**. wat aan die groot Sogne-fjord lê en is 'n wêrelderfenisgebied wat al as 'n aardse paradys beskryf is. Dis een van die wêreld se mooiste fjorde, is 17 km lank en op sy smalste net 250 m breed. Ons ry ook deur die interessante 24 km-lange **Laerdaltonnel** in wat een van die langste tonnels ter wêreld is.

Die opwinding is nog lank nie verby nie! Ons onderneem vandag per trein die skilderagtige roete van **Flam** na **Vatnahalsen.** Die roete klim met 863 m oor 20 km – werklik 'n ingenieursprestasie in bouwerk en 'n baie besondere ervaring! Ons oornag in die skilderagtige bergdorpie **Vatnahalsen**, wat slegs per trein of motorfiets bereik kan word.

**Vr 14 VATNAHALSEN – BERGEN**

Ná ontbyt sit ons ons rit per trein voort tot in **Bergen** wat ook "Dogter van die See" genoem word. Bergen is in 1070 deur koning Olaf Kyrr op 'n plek gestig wat deur sewe heuwels omring word. Vanweë die warm golfstroom het dit 'n matige klimaat. Hierdie klein vissersdorp het gou tot 'n bloeiende stad gegroei en in die 12de en 13de eeue het Bergen 'n fenomenale bloeitydperk weens handel en vissery beleef. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is dié stad swaar gebombardeer, maar daarna weer sierlik herbou. Bergen het ongeveer 230 000 inwoners en 'n baie groot vissers- en handelsvloot. Dit is 'n belangrike kulturele en ekonomiese sentrum in Wes-Noorweë. Ons het kans om voor aandete met 'n ratspoor bergop te gaan vir 'n mooi uitsig oor die stad met sy heuwels en fjord of om deur die talle toeristewinkels te stap.

**Sa 15** **BERGEN**

Na ontbyt neem 'n gids ons op 'n kort toer deur Bergen. Ons stap verby talle toeristewinkeltjies waarvan die geboue iets vertel van die florerende handel in die tyd van die Hanseate. Die res van die dag het ons kans om by die vismark rond te loop, inkopies te doen of opsioneel die indrukwekkende huis en omgewing van Edward Grieg te besoek, komponis van vele bekende werke. Daar is ook 'n maklike looppad op na die uitsigplek wat ook met 'n ratspoor bereik kan word.

**So 16** Na ontbyt word ons na die lughawe geneem vir vlug **AF 1253** vanaf Bergen na Parys waar ons om **14:40 arriveer**. Ons vertrek weer om **21:30** met **vlug AF 990** na Johannesburg.

**Ma 17** **JOHANNESBURG**

Die groep land om **08:10** op **O R Tambo-lughawe** in **Johannesburg** met 'n rykdom van herinneringe aan 'n besondere toer!

***LW:*** *Weens omstandighede buite ons beheer kan dit gebeur dat die toerprogram aangepas moet word*